DIE PIENKBOEKIE

Nuusbrief van die Vrouelidmate in die Noordkaap

Junie 2011 Nr 94

Lees in hierdie uitgawe

Tjip van 'n Mossie
Bl. 3

Het Amand 'n modder herinnering - lees op bl 32 wat sê sy van die Vrouefees.

Gemeentes bied aan...
Bl. 34

Advertensieblad
Bl.35

Walles se snoephoekie
Bl. 36

Kom ons lees...
Bl 37

My liefste kind
Bl.38



Die Vrou en haar verhouding met...
Bl. 5

TEEDRINK TYD

BL. 9

Iets vir Pa/Oupa
Bl. 8

Raai waar gaan "Dezi" in die Noordkaap kuier !!

Dankie aan almal wat bydraes ingestuur het vir hierdie uitgawe.

DIE TJILP VAN 'N MOSSIE

SINODALE VROUEFEES – 13-14 MEI 2011 – CHRISTENVROUE LEER, LEEF EN DIEN MET LIEFDE

Op 13 en 14 Mei 2011 het 102 vroue die sinodale vrouefees by Pro Regno kampterrein te Barkly-Wes bygewoon.

Die tema van die vrouefees was**: *Christenvroue leer, leef en dien met liefde*.** Amanda Swanepoel van Melkbosstrand was die gasspreker.

As ek iets oor dié fees moet skryf kan ek dit nie beter doen, en moet ek ook niks meer skryf, as net die woorde van die die feeslied van die Vrouefees – dit is telkemale gedurende die naweek gesing:

GOD SE DROOM

Here in U hande skuil die sewe sterre saam
Maak U kerk 'n melkweg wat skitter in U Naam
Dat selfs in donker dae, die kosmos, elke mens
Sal uitroep Jesus, my begin, my elke wens

In U Skepperhande is ons soos klontjies klei
Heer maak U gemeentes feesvierend, toegewy
Sodat die mensdom voel en sien
U Gees laat ons in liefde dien

Koor:

Want U't 'n visie vir die wêreld
Vir die kerk het U 'n droom
Saamgesnoer kan ons dit waar maak
Met die krag wat van U stroom

Om soekend op ons knieë saam die Heer se wil te snap
Sy Naam met trots te dra, in Sy triomftog saam te stap
Om na mekaar te reik as God se huisgesin
'n band van liefde wat in my en jou begin

Dat die blydskap van die boodskap wat die wêreld goed kan bied
Dat die omgee vir die mensdom in ons doen en dien geskied
Dit is die pad wat die kerk wil gaan
Dit bly die sin van ons bestaan.

Koor (4x)

Groete
Ds. Mossie

*** *** *** *** *** *** *** *** ***

Die Vrou en haar verhouding met… haar KIND

Ek is nie ‘n ma nie, in sekere opsigte kan dit my diskwalifiseer om oor hierdie onderwerp te praat. Tog kom ek daagliks met kinders (en ouers) in aanraking. Klagtes aan beide kante is legio. Die ouer-kind verhouding is ‘n slagveld vol plofstof...

Twee dogters bly in my gedagtes terwyl ek nadink oor hierdie artikel. Een ly aan erge depressie, haar ma sê dis sommer nonsense, sy moet ophou met hierdie bog, sy het dan soveel om voor dankbaar te wees. Die ander een vertel my net verlede Vrydagaand dat sy haarself begin sny het. Die slegte verhouding tussen haar pa en ma en die gedurige rusies kon sy net nie meer hanteer nie.

Ouer-kindverhouding = 1 van die belangrikste verhoudinge ooit

Die ouer-kind verhouding bly daardie verhouding wat waarskynlik lewenslank die grootste invloed op ons sal hê. Want dis is in hierdie verhouding waar ons almal moes leer wat mens-wees is. Ons leer hier wat dit is om veilig of onveilig te voel, ons leer deur ons ouers se voorbeeld hoe om konflik te hanteer, ons leer hoe om te sosialiseer, ons leer wat prioriteit is en wat nie. En ons leer dit alles sonder dat ons ouers woorde hoef te gebruik om dit vir ons leer.

Daarom is die verhouding met jou kind een van die belangrikste verhoudings waarin jy ooit sal staan. En niemand leer jou om ma te wees nie, eendag is jy dit net. Of jy dit nou wil weet of nie, jy is verantwoordelik vir baie meer as waarop jy gereken het toe jy oorspronklik besluit het om met ‘n gesin te begin. Jy kom te staan voor die besef dat ouers, of ‘n goeie, of ‘n slegte invloed uitoefen op die lewe van toekomstige geslagte, op maniere wat hulle hulleself nie eens kan indink nie. Geen druk nie, dis net hoe dit is.

Wat het jou kind nodig?

Natuurlik, is ons verantwoordelik vir die primêre behoeftes van ons kinders, soos ‘n veilige blyplek, kos en klere. Maar ons kinders het soveel meer nodig. Volgens ‘n meningspeiling genaamd: “*Cries of Teens*” is bevind dat 92,2% van tieners se

grootste behoefte is om lief gehê te word. Ons kinders voel alleen en dat niemand eintlik vir hulle omgee nie.

Onvoorwaardelike liefde en aanvaarding



Jou kind het 'n ruimte nodig waarin hy/sy onvoorwaardelik liefgehê word, net vir wie hy/sy is! Is jou huis so 'n ruimte? 'n Ruimte waarin jou kind veilig en geborge voel; al presteer hy nie op skool soos wat jy dink hy moet nie, al trek sy nie aan soos wat jy graag sal wil hê nie en al dra hulle vriende nie jou goedkeuring weg nie.

Ons kinders moet weet dat ons hulle onvoorwaardelik lief het en aanvaar. Dit beteken nie dat ek alles wat hulle doen goedkeur nie, dit beteken net dat ek hulle sal lief hê en koester, maak nie saak wat nie?

Op 'n huisbesoek kom wys 'n seun baie trots sy rapport vir my en hy vertel hoe hy die eksamen soveel beter gedoen het as die vorige een. Terwyl ek hom geluk wens sê sy pa: "*As jy nou maar net in wiskunde ook beter kon doen...*" Ek sien hoe hierdie trotse seun inmekaar krimp en ek weet hierdie seun gaan dit vir altyd onthou – hoe hy net nooit goedgenoeg was nie.

Natuurlik het ons kinders ons leiding nodig. Dit is ons verantwoordelikheid om hulle te leer van grense en dissipline. Maar **HOE** jy dit doen bly baie belangrik. Moenie die saak wen en jou kind verloor nie.

Jou tyd

Jou tyd is een van die belangrikste kommoditeite wat jy aan jou kind kan gee. Die *Nike* sweetpaktop en *adidas* tekkies sal al lankal weggegooi wees – dan sal jou kind nog onthou dat jy hom/haar waardevol genoeg geag het om jou tyd aan hom/haar te spandeer.

Maak jy ooit tyd om na jou kind te luister? Regtig te luister? Die meisie met depressie, wat gereeld met my kom gesels, wil eintlik net hê haar ma moet haar hoor. Sy oorweeg selfmoord, maar sy moet lag en vrolik wees. Hierdie masker wat sy moet dra (voor haar ma) maak haar net so moeg, want in hierdie verhouding mag sy nie eerlik wees nie. Hierdie onegtheid laat haar net nog meer hooploos en neerslagtig voel.



Dit is nooit te laat nie

Ons verantwoordelikheid as ouers mag ons nie lam lê nie. Jy gaan foute maak. Maar dis nooit te laat om aan 'n egte verhouding met jou kind te begin bou nie. Wanneer jy fouteer vra verskoning en beweeg aan. Jou kind sal jou respekteer daarvoor en ook sien dat om 'n fout te maak nie die einde van die wêreld is nie.

As jy 'n besige skedule het, maak 'n afspraak met jou kind – gaan drink saam 'n melkskommel, een keer 'n week en praat oor hartsdinge. Moenie voor die TV eet nie, eet om die tafel en gesels met mekaar, deel met mekaar die "*high's and low's*" van julle dag. Respekteer jou kind genoeg om werklik na hom/haar te luister.

Ouers se roeping

Iemand skryf: "*Dis ouers se roeping en voorreg om Jesus, die Lig vir die wêreld, voor elkeen van ons kinders neer te sit.*" Dalk bly dit ons grootste taak as ouers om juis dit te doen. Ons kinders se eerste beeld van wie God is – sien hulle in ma en pa.

In Deut 6:5-7 staan daar: "*Jy moet die Here jou God liefhê met hart en siel en al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.*"

Hoe jy elke dag voor God se aangesig leef, sal 'n radikale uitwerking hê op jou verhouding met jou kind. Dalk word ons verhouding met ons kinders meer beïnvloed deur **hoe** ons leef, as dit wat ons hulle graag (met woorde) wil leer...

Ankia du Plooÿ

IETS VIR OUPA EN PAPPA

Daar word so baie verwag van manne met die titel "OUPA OF PA" Hulle moet altyd sterk wees. Baie vrouens vergeet soms dat manne ook sag kan wees. Daarom sê ons aan al die manne GELUKKIGE VADERSDAG. Mag al die vroue in jul lewens julle baie bederf.

DANKIE PA !

Grote God, dankie dat U pa's gemaak het!
Pa's wat tegelyk
slim en sag kan wees.
Wat standpunt kan inneem
en daarby hou.
Wat die regte rigting kan gee
en met deernis kan lei.

Dankie, Here, dat ons dikwels
deur gewone Geesvervulde pa's
iets van U
Vaderskap kan ervaar en
iets van U beskermde liefde
Kan voél.

Ons bring hulde
aan elke pa wat
meer as homself vir sy gesin gee:
aan hulle wat U grootheid, goedheid
en getrouheid
voortdurend met ons deel.

(Oorgeneem uit: Lééf met Hart en Siel Junie 2011)

KUIER SAAM OM DIE TEEPOT

KENHARDT DEEL MET ONS...

Gedurende die naweek van 27 en 28 Mei het die Vrouediens van Kenhardt, 'n Hadassa konferensie aangebied. Dit strek oor 'n Vrydagnamiddag en –aand, en hervat dan Saterdagoggend tot laat namiddag. Die Hadassa konferensies word deur middel van 'n DVD en onder leiding van 'n fasiliteringspan vanaf Moreletapark NG Gemeente (van Pretoria) aangebied. Dit was dus 'n groot poging vir 'n klein gemeente soos ons s'n.

Hadassa was koningin Ester se naam voordat sy koningin geword het en die naam beteken "weggesteek in U." Vir 'n jaar lank was hierdie jong meisies voorberei vir een nag met die koning. Net so word ons ook nou voorberei en opgerig (as bruid van Christus) om ons mans te bekragtig, om vir ons kinders in te tree, om vir ons gemeenskap te bid, voor ons ons Koning kan sien! Ester het haar lewe gewaag om ongevraag voor die koning te verskyn, maar daardeur het sy haar volk (die Jode) gered van uitwissing. Weereens moet ons, nes Ester, verantwoordelikheid aanvaar vir ander deur vir hulle in te tree in gebed, deur 'n Jesus-lewe te lei, deur sonder huiwering, mekaar te vertroos, te versorg en te aanvaar in liefde.

So ’n Hadassa konferensie gaan egter met baie voorbereidings gepaard. Daar moet vir elke konferensieganger ’n serp en ’n vlaggie voorsien word (of aangekoop word by Moreletapark), maar dadelik het ons gemeente vrouens se kreatiwiteit en bereidheid om hande te vat, om hard te werk, in aksie gegaan. Daar is ook vir elke konferensieganger ’n organza sakkie gemaak met lekker en mooi bederf-goedjies daarin, soos bv. ’n kruisie-hangertjie vir elkeen, ’n pragtige boekmerkie en so ’n mooi notaboekie, jy wil amper nie daarin skryf nie! Ook het elke vrou ’n vars, bloedrooi langsteelroos ontvang; wie hou nou nie daarvan nie? Verder was daar pragtige blomme oral, ook op die tafels. Dan was dit ook ’n groot organisasie om vir almal ’n warm aandete aan te bied, asook twee koek-en-tee geleenthede en ’n warm middagete die Saterdagmiddag. Alle organisasie, wat aanvanklik soos ’n berg gelyk het, het egter so maklik in plek geval en seepglad verloop, juis omdat ons nie beplan het om iets vir onsself te doen nie, maar deurdat ons ons oë op Jesus gehou het en Hom gehoorsaam het.

’n Groot klomp van ons gemeentevrouens, asook ’n klomp mense van ander gemeentes in ons dorp en ’n paar van omliggende dorpe, het die konferensie bygewoon. Ons het onder leiding van ’n op-en-wakker begeleidingspan, so lekker saamgesing en “gejuig” voor ons Skepper! Teen Saterdag het almal al lekker “los geraak” en baie mense het saam gesing en saam gehuil, baie het getuig hoe wonderlik Jesus ons ken en in elkeen se behoeftes voorsien, of jy nou hulp of genesing of genade nodig het. Mense is saamgebind deurdat ons spontaan soveel met mekaar gedeel het, dat ons elkeen die ander se seer of se nood raaksien en begin verantwoordelikheid neem vir mekaar. Na afloop van die konferensie het daar ook ’n spontane saambid-groep gevorm wat weekliks bymekaar kom.

Die konferensie is afgesluit met die Oorwinningslied, wat sê: “Kom leef in die oorwinning van Sy Woord waarin ons glo, want Sy Woord sal ewig staan, Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!” En ons ry nog steeds op daardie vloedgolf van hernude geloof en vertroue en blydskap, want Hy belowe goeie dinge aan ons. Halleluja!!

Die gemeente van Vanderkloof groet u graag so:

Ons beywer ons, om in gehoorsaamheid aan Christus, ’n gemeente te wees waar die gemeenskap welkom is.

Ons is 'n klein maar bedrywige gemeente. Elke vroue lidmaat het 'n passie vir omgee: omgee na dié wat behoeftig is, in hul eie dorp, sowel as in Kinderhuise, in plakkerskampe, en die wat honger is na die Woord van God.

Ons "Diens van Barhartigheid diensgroep" laat my dink aan 'n koppie Rooibostee.

Het jy geweet: plante floreer goed op rooibostee ?

Ons kikker gereeld ons behoeftiges op deur sop, etes, serpe, truie en komberse aan hulle te skenk.

Het jy geweet: rooibostee is 'n uitstekende velverfrisser ?

Ons diensgroep verfris graag ons ouer mensies in die gemeentskap deur bv. hul verjaarsdae vir hul spesiaal te maak.

In die winter is ons 'n warm tee, en bied elke jaar vir ons Senior burger 'n Herfstee aan, en in die somer is ons iced-tea, en bied ons 'n Lente-tee aan.

Ons "Basaar en Funskie diensgroep" laat my dink aan 'n koppie Pepperment tee.

Het jy geweet: dat pepperment tee baie goed is vir die spysvertering-stelsel en kan galstene voorskom ?

Het jy geweet: pepperment tee kan ook maagpyn voorkom ? Drink een koppie pepperment tee na ete.

Het jy geweet: dis ook baie goed vir keelseer ? Gorrel dit 'n paar keer per dag.

Nou ja, hoe dan anders as dit kom by straattafels, basaar en die jaarlikse gemeente-ete.

Hierdie span dames, hou ons spysvertering aan die gang, dra tee aan as ons kele droog en seer word, en as jy wegstap van die straattafel, en jy het maagpyn – is dit omdat jy te min pannekoek gekoop het !!

Ons "Bybelstudie diensgroep" laat my dink aan 'n koppie Groen tee.
Het jy geweet: in China word aromatiese groen tee al meer as 4 000 jaar lank as'n geneesmiddel gebruik. Hulle glo dit balanseer jou liggaam en siel.
Daar is ongeveer 20 Bybelstudie dames wat die boek 'Beleef God' gehandel, en aktief die Bybel bestudeer.

Ons "Sondagskool, studente, en kinderhuis diensgroep" laat my dink aan 'n koppie heuningbostee.

Het jy geweet: Heuningbos tee kan stres verlig en cholestrol vlakke laat daal, en is goed vir die been-struktuur.

Het jy geweet: heuningbostee is goed vir diabete en vir die wat hul energievlakke konstant wil hou ?

Hierdie groepie hou ons kleuters, skoolleerlinge en studente gemotiveerd, en hou deur die kwartale kontak met hulle en wens hul sterkte toe met eksamens en die voorbereiding daarvan.

"Gebed en getuienis diensgroep", wat eintlik die hartklop van die gemeente is, laat my dink aan 'n koppie sterk boere troos. Dit laat my dink aan 'n 'kick-start' vir die dag.

Elke Vrydagoggend om 07:00, of dit sneeu of reën, kom 'n klein groepie dames bymekaar, en bid vir kinderlose egpare, mede Christene wat hartseer is, moeilike tye beleef, en voorbidding benodig.

Hier in Vanderkloof kook ons potjie daagliks, en hier is die gemeenskap welkom om saam omgee-tee te drink.

Barkly - Wes

Ja ons het amper alweer weggespoel ……. Maar ons is nog hier.

Vrouefees 2011

Al was dit ‘n nat en rëenerige naweek, het die paar van ons wat daar was beslis weer ons kruike gevul en is ons steeds gemotiveer om nie met gemiddeldheid tevrede te wees nie!!! Baie dankie aan almal wat met die rëelings gemoeid was dit was great!!!!!

Pinkster 2011 Ons het by Barnabas stilgestaan tydens die pinkster. Ons het gesien wat die Heilige Gees deur die lewe van Barnabas gedoen het. Aan die een kant daag die Heilige Gees ons uit om Barnabas se navolgers te word – as bemoedigers, borge, brugbouers, bemagtigers, bedienaars en begeleiers. Hy wys immers vir ons hoe ’n lewenstyl gevorm word deur die geestelike gewoontes wat ’n mens in jou lewe bemeester.

Aan die ander kant bemoedig die Heilige Gees ons dat Hy altyd tweede kanse gee – soos Hy

dit gedemonstreer het in die wyse waarop Barnabas Saulus en Johannes Markus

bemoedig en begelei het. Daar doel was dat die Heilige Gees weer op ’n besondere wyse hierdie Pinkster hoop vir leiers en lidmate deur die

voorbeeld van hierdie goeie man, Barnabas, wat vol was van die Heilige Gees en met ’n vaste geloof geleef het, kon gee.

Elke aand na die diens is daar heerlik saamgekuier rondom ‘n koppie sop. Ons gemeente het Sondag nagmaal en daarna bied die vrouediens ‘n steakete aan waartydens die gemmeente weer saam kan kuier en eet. Sondagmiddag word ‘n Pinksterfees gehou.

**** **** **** ****

NG Kerk Kimberley Bet-El - Vrouediens

Die NG Kerk Kimberley Bet-El is ‘n jong gemeente waarvan die meeste lede voorheen aan die VGK behoort het. Daar is nie ‘n kerkgebou nie en ons eredienste word gehou in ‘n ou vooraf vervaardigde asbes gebou. Dit was die personeelkamer van ‘n laerskool, voordat ‘n nuwe skool op dieselfde perseel gebou is. Die vertrek word egter steeds deur die skool gebruik.

Die vroue in die gemeente het die behoefte uitgespreek dat ‘n Vrouediens op die been gebring moet word. Die eerste vergadering is aan die begin van April gehou en die vroue het dit met groot opwinding en vol ywer bygewoon.

Die vroue is in 4 groter wyke verdeel en ’n lys take is dadelik opgestel. Elke wyk is vir ‘n maand aan diens en verantwoordelik vir sekere take.

Eerstens moet die “kerk” elke Saterdagmiddag skoongemaak word vir die oggenddiens. Voor dié reëling ingestel is, is ons party oggende begroet met ‘n vertrek vol bewyse van ‘n vorige aand se partytjie! Dan moes almal inspring en probeer red wat daar te redde is, sodat ons in betreklike orde kon kerk hou.

Daar is besluit om koffie en tee na elke oggenddiens te bedien. Die wyk aan diens bring alles in gereedheid en sorg selfs vir ‘n klein koekie saam met die tee asook vir koeldrank en ‘n lekkertjie vir die jeug. Gou-gou was dit ‘n heerlike warm atmosfeer wat na die diens geheers het en almal gesels vrolik en leer mekaar beter ken.

Met Paasfees het elke kind ‘n koffie beker en sjokolade gekry. In Mei, met Moedersdag, is ‘n vars blom aan elke moeder gegee en so het die vroue ook die vaders in Junie bederf met ‘n geskenkie.

“Dorkas” (ons kosmandjie projek) is ook op die been gebring en elke Sondag staan sy (‘n groot mandjie!) in afwagting voor die deur en wag dat haar magie gevul word. Aangesien ‘n groot deel van ons gemeentelede minder bevoorreg is, is dit vir ons belangrik om kospakkies uit te deel en te kan help waar ons kan. Dit is ‘n wonderlike voorreg om te kan beleef hoe die Here se genade ook hier werk en om te kan verstaan dat skenkings nie uit oorvloed kom nie, maar uit liefde.

Op 3 en 4 Junie het ons gemeente weer die voorreg gehad om ‘n stalletjie te kon hê by die Basaar en Motorskou van die Kimberley Moedergemeente (Newton gemeente). Dit is die tweede jaar wat ons genooi is en vir ons is dit ‘n wonderlike geleentheid om fondse in te samel vir ons kerk boufonds.

Soos die vorige jaar, het ons weer besluit om meer tradisionele kosse te verkoop. Hierdie jaar was daar weer breyani, samoesas, vetkoeke, skuinskoek, koe’susters (’n soort donut) en gemmerbier. Ons het ook vir die eerste keer bron (sult) en kerrievis verkoop. Die vrouens het saamgestaan en hard gewerk. Die mans het bygestaan met logistieke en finansiële hulp. Bet-El se naam het hom vooruit geloop en die verkope was ‘n reuse sukses! Ons is baie dankbaar vir die geleentheid en vertrou om volgende jaar terug te wees met alles en nog meer.

Ons is nog in ons kinderskoene, maar met die liefde en warmte wat ons vir mekaar en vir ons Hemelse Vader het, sal die Bet-El Vrouediens van krag tot krag gaan!

Ons sal dit opreg waardeer as daar van die ander Vrouedienste in die streek is wat ons kan help of raad gee met idees, projekte, praatjies, ens. waarmee hulle al sukses gehad het en wat ons ook kan doen

NEILERSDRIFT

Graag wil ek vir julle vertel van dankbare mense, van omgee mense, van 'werk'-mense. Mense wat naby die aarde lewe en wat hard probeer om te doen wat God ons in Sy woord beveel om te doen.

Op hierdie Dinsdag, 14 Junie 2011 loop die Oranjerivier, wat ons lewensaar is, vir die tweede keer in hierdie jaar soos 'n 'kwaad, verontregte' monster wat beur om teen sy walle uit alles mee te sleur wat hy kan bykom, dit saam te vat, elders heen.

Na die eerste vloed, op 21 Mei vanjaar, het ons basaar gehou. Dit was 'n rekord-insameling! Die mense was so positief! Die pragtige tafels met kruie versier, was oorlaai met die produkte van vlytige huisvrouens, van wie nog weer agter die tafels moes staan om dit te verkoop. Hulle het dit gedoen met 'n ywer en vreugde en angstigheid om soveel moontlik in te samel - vir die Kerk!

Op die broodtafel het 'n 'massiewe' potbrood gepryk. Oom Hannes Smit, 80 jaar oud, het dit self gebak. Sy vrou is in die begin van die jaar oorlede. Sy het altyd 'tonne' koekies ens. gebak, waarmee hy haar natuurlik moes help. Ek het besef dat daar nie 'n prys geplak kan word op hierdie brood nie. Dit is opgeveil, en vir R70 verkoop!

'n Tannie wat nie meer vir haarself kan sorg nie, is in 'n huis vir bejaardes opgeneem en die gemeente betaal totdat ander reëlings getref kan word.

Ons het 'n ondersteunings-groep begin vir siekes en kanker-pasiënte. Hulle word gereeld gekontak en besoek en gehelp waar moontlik.

Woensdae herhaal ds. Kassie Sondag se preek in die bid-uur sodat ons kan invra wat ons nie verstaan of onthou nie.

Die pinkster-bidure is die volgende oggend om 9h00 herhaal, veral vir mense wat nie meer in die donker en/of koue wil of kan uitgaan nie. Saans se tyd moes die boere pas.

Ida het verslaap Saterdag-oggend, maar was binne 'n halfuur betyds vir die begrafnis van haar huishulp se kind, want sy gee om.

Een mens kan nie alles doen nie, maar as elkeen iets doen en 'n verskil probeer maak, maak ons saam van hierdie wêreld 'n beter plek.

Fil. 4:3 Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Annelie Richter.

Griekwastadnuus

Ons gemeente het hierdie jaar ingegaan met die tema "'n Nuwe Seisoen" en die jaartema "Laat U Koningkryk Kom". Die tema loop soos 'n silwerdraad deur al ons bedrywighede, die weeklikse bybelstudie, die kwartaalikse vrouediens, maandelikse wyksbyeenkomste en Sondae se eredienste. Ons doen selfondersoek, is gretig om meer en meer te leer en word deurgaans deur ons leraarspaar, ds. Piet en Marleen Otto gelei.

Die Wêreldbiddag vir vroue het as 'n hoogtepunt vir ons dames uitgestaan. Nadat hulde gebring is aan die vroue van Chille het hierdie 80ste viering van die wêreldwye projek ook vir ons besondere betekenis gekry. 'n Spesiale sangstuk is deur die orrelis, Gerrie Herselman en haar skoondogter, Elsie gelewer en 'n voorleing deur Hanna van der Linde en Elsie Herselman het die dag selfs meer besonder gemaak.

Die boodskap deur Marleen Otto met die fokus op "Hoe lief ek Jesus het", het almal inspireer. Otto het brood, stapelvoedsel van die

inwoners van Chile, as beeld gebruik. Sy het die feit dat ons tans selfgesentreerde lewens lei uitgelig en die vraag, "hoeveel brode het jy, vra Jesus?" gebruik om almal tot selfondersoek oor die sin van 'n selfsugtige lewe laat nadink. Haar vraag oor hoe elkeen sy broodjies in afhanklikheid van en met leiding van God gaan laat vermeerder en aanwend in ooreenstemming met ons jaartema, "Laat u Koningkryk kom" het almal tot nadenke gestem.

Het ons genoeg vertroue in God om elkeen van ons se broodjies te laat vermeerder? Die feit bly steeds staan dat niks op aarde standhoudende waarde het nie en dat net Jesus ander kan voed. Ons kan instrumente hiervoor wees deur Hom persoonlik te ken en 'n seën vir ander te wees. Ons moenie wegskram van 'n opdrag van die Heilige Gees om vandag 'n broodjie uit te deel nie. Ons moet ons broodjies met ander deel, ongeag die opoffering.

Pinkster is deur ds. Piet Otto met verskillende temas oor die Heilige Gees gelei. Ons het uit Mattheus 28 : 16 – 20 baie oor die groot opdrag geleer. Elke aand het 'n ander tema gehad. Otto het die week ingelei met "Die Gees stig 'n Vreemde Kerk". Die Heilige Gees bring Lewe wat van God is, niks mensgemaak en bedink nie. Hierdie vreemde onderwerp het ons laat leer en dink oor hoe ons kerk is en of dit in lyn is met wat God hier op ons dorp wil hê.

Die tema, "Die Gees verbind ons aan Jesus", het gefokus op die belangrikheid van die Bybel en hoe dit ons aan Jesus verbind. Die Bybel is die enigste waarheid en met die Heilige Gees in ons harte sal ons meer verstaan hoe meer ons dit in afhanklikheid van God bestudeer.

"Die Gees maak ons Dissipels" het gefokus op die opdrag wat ons in Mat.28:16 – 20 ontvang. Nie almal kan predikante of evangeliste wees nie, maar elkeen het 'n gawe, party wel om te preek, maar ons moet diensbaar wees daar waar die Here ons wil gebruik. Elkeen kan en moet deel van die proses wees, maar moet eerstens gewillig en oop wees vir gebruik deur God. Dissipelskap is eerstens 'n opdrag aan die kerk, wat elkeen van ons insluit.

Die aanddiensreeks is afgesluit met die tema "Die Gees maak ons soos Jesus". Dit is teenstrydig met ons sondige, menslike, natuur om soos

Jesus te wees, maar die Gees kan ons hiertoe lei. Ons moet net gewillig wees en luister na Sy opdragte.

Pinksterfees is met die gebruiklike nagmaalsdiens afgesluit. Die tema was “Die Gees lei die koms van die Koninkryk in”. Elkeen moet aan homself sterf, sy lewe vir die Here aflê en op Jesus se wonderlike nuwe manier lewe. As God in ons lewens regeer SAL ons die ekstra myl saamloop, soos Jesus word en Sy dissipels in ‘n vreemde kerk wees.

Daar is saans na afloop van die dienste ligte etes deur die Vrouediens verkoop. Gemeentelede het saam geëet en lekker gekuier ten spyte van die snerpend koue winterweer.

Griekwastad spog met hul eie webwerf:

www.ngkerkgriekwastad.co.za

Gaan lees alles oor hul doen en late op die webwerf.

NUWE KERK NG KERK IN AFRIKA BARKLY-WES/DELPORTSHOOP

Op 6 Maart 2010 het die NG Kerk in Afrika Barkly-Wes/Delportshoopwyk, hul nuwe kerkgebou ingewy. Dié verhaal moes al vertel gewees het, maar kom ons doen dit nou.

Vir oor die 30 jaar kom verteenwoordigers van die familiekerke van Barkly-Wes en Delportshoop saam in ’n skakelkommissie. Woord en gebed staan sentraal. Verhale word gedeel. Raad word gegee. Gesamentlike geleenthede word gereël soos konferensies en eredienste. Onderlinge hulpverlening word bespreek, asook sake wat kerk en

gemeenskap raak. Oor jare is kerkgeboue en pastorieë saam beplan, gefinansier en opgerig. So is alle geboue-skulde gedelg. Toe gebeur dit dat die Tidimalo gemeenskap te Delportshoop uitermate begin groei. Só ook die gemeente daar. Veral na die sterwe van hul leraar, ds. JLI Leeuw. 'n Lang vakature volg. Ouderlinge staan hul plek vol en die gemeente groei. Die klein, vervalle 1930 kerkie, gebou met kleistene en karee balke, bars uit sy nate. Dit is toe dat die tussengemeentelike kommissie, die Gereformeerde Skakelkommissie van Barkly-Wes en Delportshoop deur die NG Kerk in Afrika Barkly-Wes/Delportshoop genader word om weereens saam te beplan en op te tree. Die NG Kerk Delportshoop het kapasiteit. Dié gemeente krimp. Die fasiliteite is egter net te ver. 'n Gesamentlike boukommissie word gevestig. 'n Tswana sprekende argitek uit die plaaslike gemeenskap trek die planne op. Die kerkgebou moet op Sondag die eredienste huisves, maar van Maandag tot Saterdag moet dit dien as 'n gemeenskap dienssentrum. Al sou die gemeente aanvanklik relatief klein in die groot gebou wees, is die gemeenskap groot en die behoeftes baie. Veral met begrafnisgeleenthede en daarvan is daar baie...

Die laaste week van Oktober 2008 word die eerste sooi gespit na 'n gesamentlike nagmaal en umjikelelo (rondomtalie-manier van fondsinsameling). Almal help. Ook ander genootskappe. Elke oggend 07h00, Maandag tot Vrydag, word met Skriflesing en gebed geopen en dan word aan die werk gespring. Soos die Here voorsien, sou die werk vorder. Elke druppel sou die emmer volmaak. Toe stort die diamantbedryf in duie. Swaar masjinerie staan oral "werkloos". Delwers kom na vore en ry die sand en klip aan. Boere kom help. Kundiges uit die gemeenskap kom gee raad. Die bouers bou met ongekende ywer. Teen 15 Desember 2008 word dak opgesit. Op 25 Desember 2008 word die eerste diens in die nuwe kerk gehou. Dak op. Ruite in. Deure aan. 500vk meter groot. Plek vir ongeveer 400 kerkgangers. Geen skuld. 'n Ervaring van ongeloof, verbystering, verwondering. Wat gebeur het, kan net God moontlik maak. Deur gelowiges wat in harmonie hande vat en saamwerk. Die eiendom is in die naam van die NG Kerk in Afrika Barkly-

Wes/Delportshoop. In ons harte is dit ons almal s'n. En ons geniet die dankbaarheid en die trots van die gemeente. Tans is 'n begin gemaak met die insit van plafonne. 2012 DV, word Paasfees in hierdie sentrum gevier. Met trots sal die gemeenteleraar, ds. Daniël Raboroko, Barkly-Wes/Delportshoop jou vertel dat dié sentrum nou die grootste en doelmatigste sentrum van die NG Kerk in Afrika Phororo is. Só het onsself nooit daaraan gedink nie.

En hoe voel ekself? Ek het altyd geweet dat dié projek op 'n spesiale manier mý verantwoordelikheid is – noem dit 'n roeping as jy wil. Vanaf 1982, met my aankoms hier in Delportshoop, het ek nooit energie daarop kon fokus nie. Toe ek begin Oktober 2008 skuif van professioneel maatskaplike dienste na gemeente diakonaat en veral terug na die plaaslike gemeente en gemeenskap, het dit net gebeur. Die tyd was ryp. Ek het aanskouer geword van wat vir my sal uitstaan as een van die hoogtepunte in my lewe en bediening. Jesaja 43:18-21.

(Ds. FP Avenant - voorsitter gereformeerde skakelkommissie Barkly-Wes/Delportshoop



Marchand laat van hul hoor

Die Vrouediens van Marchand beplan 'n heerlike Vroued ag funksie op 9 Augustus 2011. Elma Postma gaan die gasspreker wees, daar gaan uitstallers wees en 'n jong opkomende sangeres, Marlee Strydom ('n graad 10 leerling van HMO) gaan ook vir ons kom betower met haar glashelder stem. Dit beloof om 'n heerlike kuier oggend saam met vriendinne te wees. Almal is baie welkom om die dag saam met ons te kom deurbring



Marchand Gemeente het 'n baie lekker jeug kommisie hierdie jaar wat daarop fokus om die jeug ten volle betrokke te kry by die kerk en sy aktiwiteite reg deur die jaar. Heerlike Jeug byeenkomste word gehou en die jeug groei regtig by die dag! Ons het 'n maandelikse jeug bladjie wat by die kerk uitgedeel word elke eerste Sondag van die maand. Die bladjie se naam is "Kaalvoet Kinders vir Jesus" en die doel van hierdie koerantjie is sodat die gemeente kan sien wat alles gebeur in ons gemeente en gemeenskap - Die kinders se prestasies by die skole/sport/kultuur, skool/kerk/gemeenskap funksies wat verby is en wat nog opkom, lekker resepte, grappies, geloofs stories en nog vele meer! Daar is 'n wonderlike gees onder die kinders en jong mense van die gemeente en dit helder beslis die ouer mense in die gemeente ook op..! Ons beplan 'n paar fondsinsamelings projekte, sodat ons kan fondse insamel vir jeug kampe, sondagskool materiaal, dalk 'n lekker jeug toer, toerustings soos 'n projektor vir die jeug, liefdadigheid, ens. Ons eerste groot fondsinsamelings projek is die 'In Ry', wat op 27 Aug sal plaasvind. Ons bid dat ons jeug sal groei deur die jaar, nie net in getalle nie, maar dat elke jeug lid van ons gemeente sal geestelik groei & ontwikkel tot eer van God se naam en dat elkeen die beeld van God sal uitstraal in hul lewens!

Ai maar dit klink lekker gesellig. Laat weet vir ons in die volgende uitgawe hoe het dit gegaan.

SAMESMELTING VAN VRYBURG EN VRYBURG-OOS GEMEENTES

(Soos verskyn in Enuus)

In die geskiedenisboeke staan dit só opgeteken:

> "Op 14 Julie 1883 is op Vryburg, in die nuwe Republiek Stellaland, in 'n tent die eerste vergadering gehou om planne te beraam vir die bearbeiding van die inwoners van die Republiek. 'n Versoekskrif is opgestel en voorgelê aan 'n vergadering op Potchefstroom onder die voorsitterskap van ds CW du Toit. Die vergadering het besluit om 'n gemeente te stig en die naam van die gemeente "*werd vastgesteld als de Ned. Herv. of Ger. Gemeente van Vrijburg*". In dieselfde jaar word die naam verander na "*de Christelijke Gemeente van Stellaland*". In 1887 is die naam van die gemeente weer na Vryburg verander. In 1913 is die nuwe en sierlike pastorie voltooi."
>
> "Die volgende gemeentes het van Vryburg afgestig: Deben 1909, Stella 1919, Kameelboom 1943, Mispa (later Louwna) 1950, Vryburg-Wes 1961 en Vryburg-Oos 1961."

Miskien sal julle verstaan as ek sê dat ek hier met gemengde gevoelens skryf. Die gebeure van die afgelope tyd het my baie laat dink aan die woorde van Jesus in Johannes 12: 24 en 25.

> *Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. 25 Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou…*

Sterf eers aan jouself, en dan sal jy jou lewe behou. Om te kan lewe, moet jy maar eers sterwe. Ons het dit presies so ervaar. Hier is ’n uittreksel uit van die korrespondensie tussen die twee gemeentes:

> “*Ons, die kerkraadslede van Vryburg Moedergemeente het gisteraand, 01/11/10 eenparig besluit dat ons nie langer selfstandig wil bly voortbestaan nie. Die implikasie van die besluit is dat ons as Vryburg Moedergemeente sal ophou bestaan. Ons wil met hierdie skrywe ’n versoek tot u as gemeente rig - en dit is ’n saak waaroor ons baie gedink, en gebid het. Sal u dit nie asseblief oorweeg om met ons saam te smelt nie?Sodoende kan ons saam een totaal nuwe gemeente stig. Samesmelting sal dus beteken dat Vryburg Moedergemeente en Vryburg - Oos Gemeente, afsonderlik sal ophou bestaan, en dan saamkom (saamsmelt) om ’n totaal nuwe gemeente te vorm.*”

Op die aand van 02/11/10 het Vryburg-Oos kerkraadsvergadering gehou. Op die aand sou die inhoud van die advertensie vir Vryburg-Oos se nuwe leraar afgehandel word om deurgestuur te word na die *Kerkbode* vir publikasie.

Vryburg-Oos se mense is ’n klomp saamstaners, en het vir baie jare saamgestaan om selfstandig te bly voortbestaan – en hulle kon ook met die fondse in hul belegging bly voortbestaan, met ’n pastorale hulp. Die Here doen egter sy eie wonderwerke – op sy tyd, en op sy manier. Die kerkraad het op hierdie aand eenparig besluit om nie te beroep nie, maar om ook op te hou om te bestaan,en om saam te smelt – om saam in die grond te val en te sterwe.

Ons samesmeltingsproses het dus op 02/11/10 begin, en ons kon by die ringsvergadering (waar die samesmelting goedgekeur is) op 17 Januarie 2011 as volg verslag doen:

> Die proses van samesmelting tussen die twee gemeentes (Vryburg en Vryburg-Oos) is aangepak en afgehandel volgens die voorskrifte van die *“Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes”* van die algemene sinode. Dr. AC Swanepoel het op versoek van die twee

gemeentes, en met die goedkeuring van die ring, as fasiliteerder opgetree.

Ons nuwe gemeente se naam is "*Vryburg Harmonie Gemeente*".Ons gee al die eer aan die Here wat werklik vooruit gestap het in die hele proses. Ons samesmeltingsproses het op 2 November 2010 begin, en word op 1 Maart 2011, met die aanvang van die nuwe finansiële jaar afgehandel. Dit was aangrypend om Sy leiding te kon ervaar, en om deel te kon wees van die proses. 'n Mens voel baie klein in die teenwoordigheid van so 'n groot God.

In my hart weet ek dat hierdie samesmelting niks minder as 'n wonderwerk is nie.

- Ons twee gemeentes kon op hierdie stadium bly voortbestaan – en ons eie ding doen. Oos gemeente was in elk geval oorgehaal om selfstandig aan te gaan.
- Ons twee kerkrade kon met die opstel van die akte van samesmelting bly vasklou het aan alles wat ons het, want daar was letterlik twee van alles ter sprake. Twee gemeentetradisies, twee gemeentegeskiedenisse, twee pastorieë, twee kerkgeboue, twee kerksale, twee stelle personeel, twee bankrekenings – maar hulle het in onselfsugtigheid besluit om die pad te loop.
- Ons gemeentenaam is ons fokus – HARMONIE!

Ons amptelike samesmelting het op 1 Maart 2011 plaasgevind. Op 4 Maart het ons dankfees basaar gehou, en die oggend van die 6de was ons erediens ingerig as 'n samesmeltingsfees.

Twee van ons oudste lidmate, oom Tommie Kruger (van ou Moeder) en oom Johan Botma (van ou Oos) het elk die kerk binnegekom met 'n kers – en die twee kerse het een groot kers kom aansteek. Daarna het elke persoon sy kers uitgeblaas. Vryburg Moedergemeente is uitgedoof, en Vryburg-Oos gemeente is uitgedoof - nadat Vryburg-Harmonie aangesteek is. Hierdie kers gaan voortaan altyd by ons eredienste brand.

Ons kon hierdie geleentheid meemaak met al ons broers en susters van die ander twee NG Gemeentes in die dorp.

So baie dinge het begin saamvloei – dit laat ’n mens eintlik sprakeloos:

- Ons eredienste is opnuut ’n fees. Ons is ’n klomp mense saam wat die Here aanbid – nie twee klompies op hulle eie nie. Ons gemeentesang gee hoendervleis – ons kon die kitare en keyboard uithaal wat so lank onder stof gelê het.
- Ons kategeseskool is ’n fees, want met die samesmelting is mense saamgevoeg met ongelooflike ywer en passie vir die kategese – en ons kinders geniet dit.
- Ons vrouediens is opgewonde en vol planne vir die nuwe jaar.
- Ons kon ’n jeugwerkerspos skep – dit was die droom van Vryburg-Oos gemeente, en ons kon dit uitvoer. Die verhaal daar rondom is net so aangrypend:

  Die AGS gemeente in die dorp het gedurende 1997 met ’n jeugsentrum begin, met ’n jeugpastoor wat die bediening behartig het. Chris Botma (die huidige jeugpastoor) het egter uit eie oorweging, nog voordat die nuus van ons samesmelting rugbaar geword het, om redes van sy eie, bedank as jeugpastoor by die AGS gemeente. Ons het hom dadelik genader, en tans is hy ons jeugwerker, en die kinders is gaande oor hom! Hy het sedertdien al sy bande met die AGS verbreek, en het nog voor die samesmelting, die drie formuliere van eenheid onderteken, en is na ’n oriënteringsproses (uit o.a. Heyns se dogmatiek!) opgeneem as lidmaat van ons gemeente – ouderling met opdrag die Jeug. Hy beplan om sy studies buitemuurs voort te sit (hy het ’n BTh graad) om uiteindelik as leraar in die NGK opgeneem te word. Hy het die afgelope vakansie waargeneem in die gemeente, met uitstaande terugvoering.

- Ons eerste volwaardige kerkraadsvergadering was ’n belewenis – soveel so dat ons besluit het om die kerkgebou van ou Oos gemeente aan die plaaslike VGK gemeente te skenk! Die besluit was eenparig – en die gemeente beplan om met Pinksterfees hul nuwe kerkgebou in te wy – en dit gaan ’n gesamentlike erediens wees van ons twee gemeentes. Dis net die saak van die Here wat seëvier. Ons voorwaarde vir die

skenking is samewerking – ds. Basil Willemse en sy kerkraad is baie opgewonde hieroor.

Ons het nog baie planne vir die toekoms – en sal julle ingelig hou. Ons Harmonie kerkraad wil 'n boodskap die wêreld instuur – gaan sterwe eers, en begin dan eers sinvol te lewe!

(*Ds. LM Coreejes – Vryburg-Harmonie*)

NG KERK VRYBURG-HARMONIE SKENK KERKGEBOU AAN VGK VRYBURG 26 JUNIE 2011

(Soos verskyn in Enuus)

Dit was met groot vreugde en blydskap dat die VGK Vryburg verneem het van die NG Kerk Vryburg-Harmonie se besluit om die kerkgebou van die voormalige NG Kerk Vryburg-Oos-gemeente, aan ons gemeente te skenk. Dit is voorwaar 'n wonderlike gebeurtenis in die geskiedenis van ons gemeente en daarvoor is so dankbaar teenoor die Here, wat dit moontlik gemaak het.

Ons gemeente is in 1964 gestig en wou baie graag 'n kerkgebou oprig wat in ons behoeftes kon voorsien. Dit was toevallig die jaar waarin die kerkgebou van die NG Vryburg-Oos-gemeente amptelik ingewy is. Vir ons in die VGK is dit egter nie 'n toeval nie, maar juis 'n manier waarop die Here wat ons behoeftes ken en in die toekoms sien, vir ons sorg en lei.

Die waarde van die skenking van die kerkgebou kan nie in rand en sent bereken word nie, want dit is te groot. Vir ons is dit 'n bevestiging van ons verbondenheid aan mekaar en die eenheid wat ons in Christus bely. Ons wil dit graag sien as die begin van `n heel nuwe pad, 'n geleentheid om as broers en susters in die Here na mekaar toe te groei en mekaar te ontdek. Dit is verseker 'n baken van hoop vir die hele VGK en ons gemeente in besonder.

Dit is met groot opgewondenheid dat ons uitsien na die amptelike oorhandiging van die kerkgebou op Sondag 26 Junie 2011. Ons is so dankbaar. Die Here glimlag vir ons en die engele juig saam met ons.

(*Ds. Basil Willemse – VGK Vryburg*)

VROUE-RETREAT, WONDERPAN BUITE PRIESKA

19 Junie 2011 het die Here ‘n afspraak met ‘n paar dames van Prieska gehad. Die groepie dames was ‘n mengelmoes van verskillende ouderdomme, rasse en kerkverbintenisse. Almal was daar om ‘n bietjie alleen-tyd saam met God te spandeer.

Wonderpan is ‘n plaas so 20km buite Prieska. Op die plaas is ‘n staproete met stilhou-plekkies waar Bybelverse op rotse geskryf is en jy net kan gaan rustig raak in die Here se teenwoordigheid.

Die dag het afgeskop waar die dames vervoer is na Beloftebult. Die Prieska Christennetwerk – dansgroep het ‘n dans opgevoer waarin die Here verheerlik is en ons almal maar net weereens herrinner is, dat ons voorwaar ‘n Almagtige Vader het. Daarna het ons koffie en muffins geniet en het elkeen ‘n belofte van die Here ontvang. Daarna het ons na die volgende punt beweeg. Langs die roete was daar mooi boodskappies en beloftes op klippe geverf en kon ons van die klippies optel met teksversies daarop geverf, wat dan later tydens ons stiltetyd gelees kon word.

Ons het toe by ‘n krans aangekom waar ons, ons name en die’van geliefdes kon uitskree. Vir my het dit beteken dat ek vir die Here sê: “Hier is ek, ek behoort aan U.” Ander het weer hul geiefdes aan die Here opgedra en gevra dat Hy hul sal bewaar.

Ons het toe na ‘n grot beweeg en was van ons ‘n bietjie braaf en het die grot uitgeklim, terwyl die minder brawes ons van onder af aangemoedig het. Die dansgroep het weer vir ons gedans en

een van die dames het by ons gepleit om gereed te wees vir die Bruidegom wat kom en dat ons lampies vol olie moet wees. Ons het toe Nagmaal geneem en is net weereens daaraan herinner dat God Sy Seun gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te sterf. Sy Bloed het vir ons gevloei!!

Ons het toe aanbeweeg na ‘n groot boom waarvan ‘n klomp linte gehang het. Ons het elkeen ‘n lint ontvang wat aan ons gewrigte vasgebind is. Dit moet dien as ‘n teken dat ons aan God verbind is, deur Sy liefde vir ons.

Elkeen moes toe op haar eie die veld ingaan en ‘n plekkie van afsondering en stilte gaan soek om alleentyd met God te spandeer. Ek het die tydjie gebruik om Jakobus te lees en sommer klaar het die Here hard met my gepraat. In Jakobus word daar gepraat van arm en ryk mense, versoekings en verleidings, die beheersing van die tong en ‘n waarskuwing word gerig teen wêreldliefde en hoogmoed en dat ons nie kwaad van ander mag praat nie. Sjoe, die Here het my omtrent hard oor die vingers getik. Hy het my aangespreek en kon ek net om verskoning vra en erken dat ek nie Sy wil op my eie kan doen nie. Terwyl ek so op die rots gesit het, voel ek ‘n sagte briesie wat saggies oor my wang waai en besef ek dis die Here wat so saggies oor my wang streel, Hy verstaan. Ek het ook die son se strale op my hele liggaam gevoel en besef dis Sy liefde wat ek voel!

Ons laaste punt was die kruis op die koppie. Ons het ons name op klippe geskryf en dit onder die kruis gepak. Daardeur wou ek sê: “Ek vir U Jesus, Dankie!”.

Die dag is afgesluit met lofprysingsliedere. Hoe heerlik was dit nie om so na aan God te wees en Sy liefde en genade te kon voel nie!

IS JOU LAMPIE VOL OLIE?

In ‘n bestek van twee weke het hierdie gelykenis nou al twee keer ter sprake gekom. Dus moet ons eintlik met groot erns ag op hierdie wekroep slaan!

Wat wil hiedie gelykenis vir ons sê? Die kort en kragtige boodskap: “Ons moet gereed wees vir wanneer Jesus ons kom haal!!”

Die noodlot het Prieska en omgewing die afgelope twee weke erg getref. Mense is met varkgriep, kanker en asbestose gediagnoseer, ander wag vir skenkerorgane en ander het geliefdes aan die dood afgestaan . Alles het so onverwags gebeur.

Die hartseer nadat ‘n geliefde gesterf het is so groot en die leemte en die verlange soveel meer. Ons moet gereed wees en elke dag lewe asof dit ons laaste dag op aarde is. Ons moet diegene met wie ons daagliks omgaan so behandel asof dit die laaste keer is, wat ons hul sal sien.

Waardeer saamweestye met al jou geliefdes en sorg dat jul lampies vol olie is, vir wanneer die Bruidegom ons kom haal.

Mag Jesus se liefde en vrede elkeen omvou wat geliefdes die afgelope ruk aan die dood moes afstaan. Hy huil saam met ons, want Hy voel ons hartseer net so intens aan. Ons verstaan nie waarom hierdie noodlot almal tref nie, maar ons is nooit alleen nie. Hy is by elkeen van ons en Hy hou ons styf teen Sy bors vas.

M Prent
Prieska

BAIE GELUK AAN FERNETTE FOURIE

WAT OP 09 JULIE VERJAAR.

BAIE DANKIE VIR ALLES WAT JY

IN DIE SINODALE KANTOOR VIR DIE VROUEDIENS DOEN

HET AMANDA 'N MODDER HERINNERING VAN DIE VROUEFEES?

Sou modder my herinnering wees? O nee! Al het dit heerlik gereën toe ek saam gaan kuier het by die Vrouefees in Barkly-Wes, is dit nie die modder wat ek onthou nie. Ek onthou vriendelike vroue met sagte, ontvanklike harte wat bereid en gereed is om te groei!

My hart het my vooruit geloop na die pragtige kampterrein waarheen vroue uit die Noord-Kaap van verafgekom het (die afstande wat die Noord-Kapenaars moet aflê laat my steeds stom en beïndruk). As mens 'n tema ontvang: **Christenvroue leer, leef en dien met Liefde** weet jy da tjy self nie dieselfde gaan wees na jou voorbereiding nie. Ek het Jesus se liefde vir die vroue teenwoordig beleef nog voor ek een van hulle ontmoet het!

As ek toegelaat word om 'n Engelse woordjie te gebruik om die naweek op te som was dit vir my 'awesome'. Dr. Jonathan David beskryf die word soos volg: "Awesome: To be awakened rudely from our sleep and become hit with the devine consciousness of God in our faces".

By Jabbok het God Jakob se naam en wese verander. Die persoonlike ervaring het permanente verandering gebring. Israel (die nuwe Jakob) het opgehou om net vir homself uit die vlees te leef(Gen 32: 24-32.)

Rom 12:11 vermaan ons "Moenie sleep voet wees in julle toewyding nie". Mag elke vrou wat die Vrouefees bygewoon het weer herinner word aan ons ervaring en mag almal wat hier lees bemoedig voel en toelaat dat God jou hart so met Sy liefde oor- en deurvloei dat baie ander daardeur geseën kan word.

Groete uit Melkbosstrand

Amanda Swanepoel

Living in the Spirit

Loving those who don't deserve it,
LovinLoving on when all seems lost and loving is too late,
Loving when love's not returned
And when my heart's in pain,
Finding courage deep within to live and love again.

Loving God with all my heart
And enemies as friends,
Loving those who're difficult,
Yet loving till the end.
Finding all-sufficient love when love is hard to find,
Loving and forgiving those who're thoughtless and unkind.

Love like this is gifting from the God who loves to give
Life and love through Jesus Christ,
Who died that we might live.
You cannot love without him
In the many ways you should,
Loving unloving people – the bad as well as good.

So put yourself in silence,
And receive the Spirit's power
To love and love without an end until the final hour.
Our human love is not enough
To love a broken race
Into the loving arms of God with tears upon his face.

So love me into loving Lord,
Reduce me Lord to size
Till Jesus; all is Jesus; and you alone the prize.
Work in me by your Spirit till
You melt this heart of stone,
Perfect your work till I at last am loving you alone!

Jill Briscoe

Gemeentes bied aan:

VROUEDAG MET 7de Laan se

"Dezi" … Elma Postma!

Wanneer: Dinsdag 09 Augustus 2011

Tyd: 09"30 vir 10:00

Waar: Marchand Boerevereniging Saal

Koste: R150-00 per persoon (RSVP voor 01 Augustus 2011)

Kontak: Elmarie Brand Sel. 0826932839
Ilse Geyser Sel. 0722707657

NG Gemeente Marchand se jeug hou 'n Regte egte "Inry" fliekaand.

Wanneer: 27 Augustus 2011
Waar: Marchand Boerevereniging Saal
Parkeerterrein
Tyd: 19:00 vir 19:30
Koste: R20:00 per persoon (voorskoolkinders gratis)

Enige iemand is welkom om hierdie lekker fliek aand by te woon!
Die fliek wat gewys sal word daardie aand sal teen
1 Augustus 2011 bekendwees, kontakgerusvir
Ilse Geyser, by 0722707657, vir meer inligting

Verversing word verkoop

A D V E R T E N S I E

DIE TSOTSI-EVANGELIE

LUISTER WEER NUUT NA 'N BEKENDE EVANGELIE!

Frans van Rensburg het die Mattheus-Evangelie omgesit in tsotsi-afrikaans met 60 Jesus-gedigte.

Belia Lourens het die toonsettings daarvan gedoen en 'n CD uitgebring wat hand aan hand met die boek loop. (Benoemings Tempo, Afrikaanse Musiektoekennings en Vonk)

Met woordkuns en musiek bedien hul die Jesus-verhaal op 'n unieke manier.

"Hoe notch jy die wrong in jou broerkie se globe, marrie wrong down in jou eigene globe notch jy nie? ..."

SOMME – Frans van Rensburg

Die Headmaster het Hom geskool
1 + 1 = 3
Oor Hy die teachers se somme nie kon doen,
hille't Hom gehangpaal na die soen.

ANTWOORD – Frans van Rensburg

Virrie blou van onse hjemel,
virrie diepte van ons see,
vi ons sewe ge gebergtes,
sal nettie Jirre antwoord gjee.

Produksies by Aardklop, KKNK, Inniebos ens.

GESKIK VIR OGGENDTEE'S, GEMEENTE-ETES EN ERE-DIENSTE

Ook spesiale aangepaste program vir Kersfees!
KRISMIS IN AFRIKA

BESPREKINGS:
083 77 88 097
of 022-9312067
sing1@telkomsa.net

www.belia.com

Walles se Snoephoekie

Mieliepaptert

4 x250ml mieliemeel

5ml sout

Knypie rooipeper

2 liter water

125ml gekapte grondbone

250g spek gebraai

250g sampioene gebraai

250ml cheddarkaas

50ml suur room of gewone jogert

Meng mieliemeel, sout, rooipeper en water en kook tot ‘n slap pap.Strooi grondbone in ‘n gesmeerde oondskotter en skep ‘n lagie pap bo-oor. Meng res van bestanddele en skep beurtelings met pap in lae in skottel – wissel lae spek mengsel en 2 lae pap. Strooi gerasperde kaas bo-oor en bak sowat 1 uur by 180 grade.



KOM ONS LEES...

'n Skat van inspirerende vertellings, wyshede en waarhede

Die groot boek van illustrasies van die lewe vir die lewe
- *Solly Ozrovech*
Kategorie: Christelike leefwyse
Bladsye: 764
ISBN: (10) 1-77000-290-1
Beskikbaar by: CUM Boeke



Leer jou kind hoe om te bid deur Rick Osborne
Volle besonderhede:
Titel: *Leer jou kind hoe om te bid*
Outeur: Rick Osborne
Datum: 2011
Bladsye: 232 – bibliografie en eindnote ingesluit
Uitgewer: CUM
ISBN: 978-1-77000-911-0
Prys: 99,95

In hierdie boekie word ouers begelei om hul kinders te leer bid, hul persoonlike verhouding met God te versterk en hulle vir die lewe voor te berei. Kinders leer dat gebed kommunikasie met God is en wat uit die hart uit kom: clichés en towerformules moet liefs vermy word. Verder moet ouers self 'n voorbeeld stel en hul eie gebedslewe nie verwaarloos nie. Alhoewel ek nie baie hou van die idee wat God 'n mens se geloof toets nie (p 191), hanteer die outeur die moeilike 'waarom'-vraag besonder sensitief (p192-193). Elke hoofstuk begin met 'n humoristiese illustrasie en sluit af met vrae en plek om antwoorde te skryf en aantekeninge te maak.

Children of God Storybook Bible

The biggest children bible project ever!

Written by Desmond Tutu



My liefste kind.

Toe Ek op jou besluit het, was daar soveel vrede, kalmte en liefde in My hart. Ek het geweet hoe jy gaan lyk, hoe jou stem gaan klink en hoe jou glimlag ander mense se harte gaan verander- selfs toe jy nog net 'n gedagte was...

Ek het jou begin vorm in jou ma se skoot. Jou vingerafdrukke lyntjie vir lyntjie getrek en geweet hierdie patroontjie op jou vingertjies sal Ek nooit weer herhaal nie.

Jy is nie ‘n fout nie, want Ek maak nie foute nie. Ek maak net mense na My beeld.

Toe die tyd reg was het Ek jou volmaakte lyfie in jou moeder se arms neergelê... Ek het in jou ogies gekyk, gestaar en geweet Ek het ‘n besonderse mensie gemaak.

Nog nooit het Ek daarna My oë van jou afgehaal nie. Ek het jou gesien opgroei.

In die dag bewonder Ek jou en in die aande sit Ek langs jou bed en kyk hoe jy aan die slaapraak. Soms het daar trane oor jou wange gerol oor gebroke verhoudings, verkeerde besluite en soms sommer net omdat jy soos 'n mislukking gevoel het.

Daar was dae wat jy seergekry het, dae wat mense jou nie verstaan het nie, dae wat jy moedeloos was. Dae wat pyn jou wou vernietig het!! Ek het saam met jou gehuil , My hande gehou en jou kosbare trane opgevang. Ek ken seer, Ek ken pyn. Daar was self ‘n tyd wat mense my nie verstaan het nie, My verneder het, My verwerp het en aan ‘n kruis vasgespyker het, daarom weet Ek hoe jy voel.

Daar was dae wat jy deurmekaar gevoel het en gewonder het wat, waar en hoekom. Ek wil net vandag vir jou sê, nie een van die foute wat jy gemaak het, het My onkant gevang nie. Ek was nie verbaas nie. Ek weet alles. **Ek verstaan alles**. Ek sien alles.

Ek kyk nie na jou met oë wat oordeel nie. Ek kyk na jou met oë van liefde en Ek luister na jou met My hart, omdat Ek **‘n God is wat uit liefde bestaan. Soms het mense al ‘n verkeerde prentjie van My vir**

jou geskilder. Ek wil jou nie straf nie. Ek is nie vêr van jou af nie ….Ek ken jou beter as enige iemand anders. **Ek weet wie jy werklik is**, Ek het jou gemaak en ek sê weereens, Ek maak nie foute nie.
Die foute wat jy gemaak het, bepaal nie wie jy is nie. Wie jou gemaak het bepaal wie jy is..
Die prys waarvoor iets gekoop word bepaal die waarde van 'n item... en die enigste prys waarmee Ek jou kon koop was met My lewe.. **Kom kyk vir 'n slag na jouself deur My oë**.
Ek ken jou potensiaal, Ek weet waartoe jy instaat is. Ek ken die wenner binne in jou. Ek ken jou mooi hart.
Ek ken jou sagte persoonlikheid. Ek sien 'n pragtige mens wanneer Ek na jou kyk..
Dalk was daar dae wat jy gesê het jy glo nie in My nie, maar Ek sê vandag vir jou: **Ek glo in jou!!**
Ek wil jou seer wegvat, **jou glimlag weer terug sit op jou gesig**.
Ek wil jou weer laat glo jy kan.
Ek wil jou optel en styf teen My bors vasdruk en vir jou wys **Ek beplan vir jou 'n mooi toekoms**.
Ek wil hê **jy moet My toelaat om My liefde vir jou te wys**.
Praat met My, Ek is by jou…

Jou Hemelse Pappa wat net 'n asemteug vêr is.

DERDE NUUSBRIEF (AUGUSTUS/SEPTEMBER 2011)

RINGE: WARRENTON; CARNARVON; MAFIKENG; REIVILO

Sluitingsdatum vir artikels: 31 Augustus 2011

Stuur artikels na: **jasnet@vodamail.co.za**
Kontak nr: 0824949536 (Janetta du Preez)

Artikels moet asb in "Word"-formaat gedoen word.

Jesus maak wolke, Hy maak gras,
Hy maak roomys en tjoklits,
Maar so nou en dan show Hy af,
Dan maak Hy iemand so spesjhul soos jy!

DANKIE VADER

Dankie, Vader, vir die klein plesiere van menswees - 'n beker stomende koffie in my yskoue hande, 'n knus bed en dalk 'n slaapmaat wat 'n mens teënsinning laat gaan om die nuwe dag aan te vat.

Dankie vir die prikkeling van 'n warm stort op slaapstywe skouers, vir die geur van ontbyt, dankie vir die skaterlag van kinders oor lawwe dinge wat ons te "gesofistikeer" is om te geniet.

Dankie vir die geborgenheid van 'n huis: vir die weelde van gesondheid na gees en liggaam. Here, ons behoort mos dolgelukkig te wees! Maar ons harte is swaar van groot bekommernisse en onbenullige frustrasies wat ons gedagtes so in beslag neem dat dit ons doof maak vir die vreugdes wat ons besit. Ag, Here, ons ervaring van geluk is so selfsugtig, so kortstondig, dit is soos om 'n pragtige blom in jou hand te hou en die hele tyd op te let hoe dit stadig verlep.

Help ons om minder te kla oor dit wat verbygaan en ons meer te verbly in die skoonheid wat ons geken het, en veral in dit wat ons nog het. Ons bid vir hulle wat nooit juis die lewe se blomme sien oopgaan het nie. En ons bid vir hulle in wie se lewe met te veel verlepte blomme is om die mooies te kan onthou, Here, ons gee nou die dooie blomme aan U terug. Dankie dat ons U kan vertrou met seisoen met nuwe geure en kleure. Baie dankie dat U getrouheid in die verlede , die waarborg is vir U trou vandag en vir elke môre. Amen.

Uit die gebedeboek van die lewe.* ~